# Efesiërs

## Die Ratwerk van die Kerk




## Inhoud

2 Wat is die Kerk?
6 Uitverkiesing
10 Ek Bid vir Jou
14 Dood vs. Lewe
18 Die Geskenk
23 Een in Christus
27 Die Dertiende Apostel
31 By Herhaling
35 Kerkeenheid - Is Dit Moontlik?
39 Begeertes
43 Riglyne vir die Lewe
47 Lig en Duister
51 Wie's Baas in die Huwelik?
55 Verhoudinge
59 In God se Weermag
63 Bid vir My

**19 Desember 2011**

# Wat is die Kerk?

## Efesiërs 1:1,2

‘n Klompie jare gelede besluit ons gemeente: ons gaan kerk bou op Ballito. Nie ‘n maklike besluit nie, en beslis nie ‘n maklike taak nie. ‘n Boukommissie word aangestel, en daar word baie wyd geredeneer oor die gebou. Die een hou vol dat ‘n “kruiskerk” die antwoord is, en ‘n ander dat dit net ‘n saal moet wees. Daar is geroei en gestoei dat die biesies bewe, en uiteindelik is ons kerk klaar. Sommige mense is in die wolke oor ons splinternuwe veeldoelige gebou; ander weer dink dit is nie naastenby hoe ‘n kerk moet lyk nie.

Dit bring ‘n mens by die vraag: hoe moet ‘n kerk lyk? Nee, eerder moet jy vra: Wat is ‘n kerk? Vir hierdie vraag is daar baie antwoorde. Kom ons stel sommer van die begin af die sakie reg: die kerkgebou waaraan ons so hard geswoeg het is beslis nie die kerk nie - dit is ‘n dooie gebou. ‘n Mens kan dit eerder ‘n “werkswinkel” noem, waar die aktiwiteite van die kerk plaasvind. As die gebou dan nie die kerk is nie - wat is dan?

Vir party mense is die kerk die eredienste wat elke Sondag in die kerkgebou plaasvind.

Vir ander is dit die katkisasieklasse of gemeentebedrywighede of die kerkraad of die sinode. Vir ‘n groot aantal mense is die kerk ‘n trein - ‘n trein op pad hemel toe, en daarin is hulle ‘n pasassier wat saamry. Hierdie trein het sy personeel wat moet sorg dat alles nét reg loop - die dominee of pastoor; die kerkraad; die moderator. Elke pasassier moet soos ’n koning behandel word, en die personeel moet net spring om almal gelukkig en tevrede te hou. As hierdie personeel nie hulle kant bring nie, en die trein verloor stoom, dan is daar groot moeilikheid.

Nee, dit is beslis nie wat die kerk is nie. Uit die Efesiërbrief begin ‘n mens agterkom wie en wat die kerk werklik is - dat dit ‘n versameling mense is wat aan God behoort, en wat ‘n intieme verhouding met Jesus Christus beleef. Hierdie mense kom uit elke volk en taal en ras en nasie. Alhoewel hulle kultuur en agtergrond en omstandighede soos nag en dag verskil, word hulle nogtans saamgesnoer tot ‘n hegte eenheid. Vir hulle is daar slegs een faktor wat waarlik saakmaak in die lewe: hulle liefde vir Jesus Christus. Hulle erken Hóm alleen as die enigste Heer en Meester in hulle lewe, en Hóm alleen dien hulle.

Uit die Efesiërbrief leer ons dat die kerk aan die Here behoort. Dit word vergelyk met ‘n liggaam en ‘n tempel, ‘n bruid en ‘n soldaat. Uit hierdie beelde sien ons hoe daar ‘n eenheid in die kerk bestaan en dat elke indivedu deel daarvan uitmaak. Daar is ook nie pasassiers nie, maar elkeen is deel van die personeel wat saamwerk om die kerk te laat

werk.

Die Efesiërbrief is een van dertien van Paulus se briewe wat behoue gebly het. Hierdie een is geskryf terwyl hy in die tronk was, en was op die oog af gerig aan die gemeente in Efese, by wie hy drie jaar lank gewerk het as evangelis tydens een van sy sendingreise. Eintlik is ons nie seker of dit wél aan daardie gemeente gerig was nie, en dat dit eerder ‘n omsendbrief kon wees wat aan al die gemeentes in Klein-Asië gestuur is om hulle te bemoedig en te versterk, sonder om aan ‘n spesifieke gemeente se probleme aandag te gee. (Die woorde: “in Efese” in vers 1 kom nie in die vroegste manuskripte voor nie, en die vers moet dus eintlik lees: “Aan almal wat aan God behoort en in Christus Jesus glo.”)

Soos reeds gesê, was Paulus in die tronk toe hy hierdie brief geskryf het. Hoe sou jy jou tyd in die tronk deurbring? Dalk op ‘n hopie sit en jou verknies oor jou lot? Dalk vir God verwyt? Paulus laat hom nie deur sulke onbenullighede onderkry nie. Hy skryf! Nee, nie ‘n klaaglied oor sy verskriklike omstandighede nie, maar ‘n loflied oor die Here se wonderlike uitverkiesende liefde.

Sommer so met die intrapslag herinner Paulus die lesers dat hulle aan God behoort: as hulle in Jesus glo, behoort hulle mos aan God! Kan ‘n mens ooit ‘n groter sekuriteit hê, as om te weet dat die almagtige Skepper van die heelal jou eienaar is? Ja, Hy het jou en

my gekoop - baie duur gekoop, en omdat ons dan Sy eiendom is, staan ons natuurlik ook in Sy diens (beslis nie net passasiers nie!).

Paulus groet die lesers, en dan is dit nie net ‘n oppervlakkige: “Hallo” of ‘n “Hoe gaan dit?” wat nie rêrag omgee hoe dit gaan nie. Nee, Paulus géé iets met hierdie groet - hy gee die genade en vrede van God en Jesus Christus aan elkeen wat die brief lees. Dis ook nie ‘n “Ek hoop dat julle dit sal kry” nie, maar dit is ‘n positiewe, aktiewe, werklikheid wat hy gee. Maak dit dus jou eie: ek, wat hierdie brief nou lees - ek wat aan God behoort - ek kry hier en nou, terwyl ek lees, die genade en vrede van God.

Lees saam met my die Efesiërbrief, terwyl ons hierdie wonderlike genade en vrede geniet!

**Gebed:**

**Here, dankie dat ek ook vandag U genade en vrede mag beleef. Help my asseblief om nie maar net ‘n pasassier te wees nie, maar aktief in U genadetrein te werk.**

**20 Desember 2011**

# Uitverkiesing

## Efesiërs 1:3-14

Steve Hofmeyr het Suid Afrika aan sy voete - al vir baie jare. Hy is seker een van die gewildste sangers wat ons land ooit geken het. Sy vibrante musiekstyl; sy innemende verhoogpersoonlikheid; sy eerlikheid oor sy eie foute; sy onverskrokke houding teenoor dít wat hy glo verkeerd is - hierdie dinge maak dat mense van hom hou. Hy verdien deur en deur die aandag wat hy kry.

Nou gebeur dit so maklik dat ons dink dat dit net so werk in ons verhouding met God: Hy het ons lief omdat ons iets gedoen het wat Sy liefde verdien. Ek bid so mooi. Of my geloof is so sterk, of ek gee alles in my lewe vir Hom, en nou is God liewer vir my as vir die ander.

In hierdie loflied wat Paulus aan die begin van die Efesiërbrief skryf, sien ons dat dit allermins die geval is. O ja, daar is 'n "**omdat**" betrokke by God se liefde vir ons, maar hierdie "**omdat**" is nie ons goeie gedrag nie - dit lê in God en Sy wese. God het die gelowige (vir my) lief omdat Hy God is, en omdat Hy besluit het om sekere mense

kinders van God te maak. Verséker kan ek myself in die prentjie van God se verlossingswerk sien, maar ek kan beslis nie sê: "**God het my uitverkies om heilig en onberispelik voor Hom te leef omdat ek is wie ek is of oor die dinge wat ek doen**" nie. Die "**omdat**" in daardie sinnetjie moet eerder vervang word met die woord "**ten spyte van**": "**God het my uitverkies …. ten spyte van die dinge wat ek doen, en ten spyte van wie of wat ek is!**"

Die hele kwessie van verlossing is 'n bitter moeilike ding om te verstaan - om die waarheid te sê, is dit totaal onverstaanbaar. Baie mense beweer dat God se uitverkiesing bitter onregverdig is. Hoe kan Hy dan sekere mense verwerp? Hoe kan Hy besluit of ons die paal gaan haal, nog voordat ons gebore is?

Dalk kan 'n mens dit verduidelik met 'n voorbeeld: iemand bring 'n groot kartondoos by jou kantoor in: "Kom kyk!", sê die persoon, en jy loop nader. Wat jy daar sien vervul jou met afsku: 'n tiental motgevrete, brandsiek katjies, vuil en bitterlik verwaarloos. Jy steek jou hand in die doos, en hulle blaas en grom vir jou. Jy besluit dat jy darem enetjie wil red van 'n gewisse dood. Almal is ewe lelik, maar jy kies tóg enetjie, en was en versorg hom en gee hom kos. Met tonne liefde maak jy hom groot, en uiteindelik word hy deel van jou gesin. Was dit onregverdig van jou om nie ál die katjies te vat nie? Het die enetjie wat jy gevat het verdien om te leef? Nee, jy kan nie vir God verwyt dat Hy onregverdig is om slegs party mense uit te kies om Sy kinders

te word nie. Wees eerder verbaas dat hy jóú uitverkies het!

‘n Mens moet dit baie duidelik stel, dat as dit van ons as mense afhang, dan sal nie ‘n enkele een van ons ooit die saligheid kon kry nie. Deur Christus se verlossingswerk het dit egter vir ons moontlik geword, en kan ek en jy ook heilig en onberispelik voor God staan. Nou het ons deel geword van God se gesin en is ons erfgename saam met Jesus. Dikwels voel dit vir ‘n mens asof jy ‘n totale nul op ‘n kontrak is - net ‘n verlore stofdeeltjie in die heelal. Jy het nou nie juis Steve Hofmeyr se persoonlikheid nie, en niemand sien jou ooit raak nie. Weet God ooit van jou bestaan? As jy só voel, gaan lees dan weer ‘n slag Efesiërs 1:11 - “**Deur Christus het ons deel geword van die volk van God soos Hy dit vooruit al bestem het. So het Hy Hom dit voorgeneem, Hy wat alles laat gebeur volgens Sy raadsbesluit.**” Jy is beslis nie net ‘n nommer nie, maar baie spesiaal vir God. Eeue gelede al is jy uitverkies, en het God reeds besluit om jou deel van die geseënde gesin van God te maak. Al behandel die wêreld my stief, kan ek jubel in die wete dat ek ‘n Koningskind is!

Maar daar is nog meer: Hy het boonop vir my en jou die Heilige Gees gegee. Die Heilige Gees is die seël van God se eiendomsreg op ons. Hy is soos ‘n waarborg - ‘n deposito - om te sê: “**Nou kry jy die eerste gedeelte van jou erfenis, maar hierdie is nog maar net die begin. Daar is nog baie, baie meer wat vir jou wag!**” Soos wat ‘n mens geestelik groei, begin jy sien hoedat die beloftes wat God jou gee deur die

Heilige Gees, vorm aanneem. Voor jou oë word God se beloftes waar (ek ervaar dit elke dag!), en dan begin jy besef dat hierdie maar net ‘n ou klein deeltjie daarvan is, want eendag, wanneer alles in vervulling gaan, dan wag daar op jou die wonderlikste van alle beloftes. Om in die onbeskryflike nuwe Koninkryk te leef sal ‘n asemrowende ondervinding wees, en die wonderlike daarvan is dat dit vir ewig sal wees, en nie meer net tydelik soos ons verganklike aardse lewe nie.

Hoe wonderlik is die wete: God het vir my en jou - ons wat op ’n tyd totale vyande van Hom was - aangenome kinders gemaak met presies dieselfde status as ‘n ware kind. Hy het ons uitgekoop uit die slawerny van sonde en verlorenheid en ons deel gegee aan Sy Koninkryk. Ja, Hy het ons selfs ‘n nuwe identiteit gegee. Sal ons Hom nie daarvoor loof nie?

**Gebed:**

**Dankie dat U ook vir my, verlore sondaar, uitverkies het as U kind.**

**21 Desember 2011**

# Ek Bid vir Jou

## Efesiërs 1:15-23

Ek was al dikwels in ‘n groot verleentheid - nee, nie oor dinge wat ek verkeerd gedoen het nie, maar oor wat ek rég gedoen het. ‘n Mens wil graag erkenning hê vir die dinge wat jy doen, maar wanneer iemand my voor ‘n skare mense bedank vir die een of ander ding wat ek gedoen het, en my ten hemele prys, dan voel ek asof ek die aarde wil smeek om my in te sluk. Dit maak my verskriklik ongemaklik. Dalk is daar ‘n goeie rede voor: ek voel vreeslik skuldig as ek geprys word vir my talente, want dit is mos Gód wat hulle vir my gegee het, en ek is maar net die instrument om hulle te bedryf. Die eer moet dus nie aan my gaan nie, maar aan Gód. Aan die ander kant voel ek afgehaal as ek iets van openbare belang gedoen het, en daar word nie eers iets daarvan vermeld nie - dit gaan sommer net so verby sonder dat iemand iets sê.

Paulus het die antwoord vir hierdie vraagstuk baie mooi opgelos: Hy sê dankie vir God vir dít wat Hy deur die gelowiges gedoen het. Hy prys hulle nie direk nie, want uit jou eie krag kan jy immers niks goed doen nie - Gód is die Een wat die lof verdien. Paulus dank God vir hulle geloof - geen mens kan vanself geloof genereer nie: alleen die

Heilige Gees kan dit vir jou gee. Hy dank God ook vir die liefde wat hulle uitleef - alleen deur toe te laat dat die Heilige Gees jou lewe beheer, kan daar sprake van ware Goddelike liefde in jou lewe wees.

Wanneer jy Paulus se metode gebruik, en God dank vir dít wat Hy deur ‘n persoon gedoen het, dan bereik jy twee dinge: Eerstens gee jy al die eer aan God, en tweedens laat jy daardie persoon goed voel, want jy het hom nie vergeet nie, en hy besef skielik dat hy die wonderlike eer en voorreg het om God se persoonlike werktuig te wees. Op hierdie manier word ‘n openbare bedanking nie maar net ‘n goedkoop heuningkwas smeerdery nie, maar ‘n God-gekeurde kompliment. Jy sê dus vir daardie persoon dat jy die geloof en liefde wat God deur hom/haar gewerk het sien en waardeer, en dat jy God daarvoor dank. Probleem opgelos!

Paulus kom nou by ‘n baie belangrike deel van ‘n mens se geestelike lewe, naamlik voorbidding. O, dit is so maklik om vir jouself te bid - veral wanneer jy wenslysies voor God aframmel. Om egter vir ander mense te bid, vra dissipline. Hierdie gedeelte is vir ons ‘n baie goeie voorbeeld van hoe ‘n mens voorbidding doen. Paulus sê nie eenvoudig maar net: “Ek bid vir julle” nie, maar hy noem die dinge waarvoor hy in voorbidding vra. Hy vra hier drie dinge: wysheid, openbaring sodat hulle God werklik kan ken, en insig.

Paulus se gebed is geen geheim nie, en hy vertel vir mense dat hy vir hulle bid, en selfs wat die inhoud van sy gebed is. Natúúrlik is dit nie voorbarig nie, as jy vir iemand vanoggend sou sê: “Ek het vanoggend vir jou gebid oor hierdie of daardie saak”. Sê dit!

Om vir iemand wysheid toe te bid, beteken nie alleen dat jy hom ‘n besonderse eienskap van God toebid nie, maar ook dat die persoon die praktiese kennis sal kry wat hom/haar toerus om in die regte verhouding met God te leef.

Die openbaring waarvoor Paulus hier bid, beteken dat die persoon God waarlik sal ken. Hierdie is ‘n baie besonderse gawe van die Heilige Gees, en is nie ‘n saak van die verstand nie maar van die hart. Dit is om ‘n innige verhouding met God te hê, en volgens Sy wil te lewe. ‘n Mens kry dit alleen deur die Bybel met aandag te lees en te bestudeer en dit werklik jou eie te maak.

Die derde saak waaroor Paulus bid is insig. Hy bid dat hulle geestesoë verhelder, en só sterk word dat hulle die geestelike waarheid van hoop sal raaksien - die hoop wat God se roeping inhou, want as jy eers geroep is, is jy ook vrygespreek. Insig beteken ook dat jy die rykdom sal raaksien wat daar in die heerlike erfenis is wat God vir jou as gelowige bestem. As jy dit eers raakgesien het, kan geen swaarkry jou weer onderkry nie. Insig beteken verder dat jy die geweldige grootheid van God se krag wat Hy

uitoefen sal raaksien. As jy dit sien, dan weet jy dat Hy finaal oorwin het, en dat jy vir absoluut niks bang hoef te wees nie. God is in beheer, en daar is niks om te vrees nie - nie eers die onsigbare magte en kragte, of selfs die duiwel homself nie. Niks - absoluut niks - kan jou van Sy liefde skei nie!

Hierdie gebed van Paulus is vir jóú persoonlik. Gaan lees dit weer deur, maar hierdie slag vervang jy elke keer die woordjie "julle" met jou eie naam. Hoe wonderlik, dat iemand in die verre verlede, byna tweeduisend jaar terug, vir jou gebid het, en dat jy dit vandag persoonlik kan toe-eien. Maar gaan nou 'n stappie verder, en gebruik hierdie gebed as voorbeeld om ook vir ander mense wat jou na aan die hart lê voorbidding te doen.

**Gebed:**

**Here, dankie vir hierdie wonderlike gebed en belofte wat U vir my deur Paulus gegee het. Help my om ook so vir ander mense te bid.**

**22 Desember 2011**

# Dood vs. Lewe

## Efesiërs 2:1-10

As ons vanoggend se Skrifgedeelte deurlees, kan ons Paulus se boodskap kortliks soos volg opsom: Ons as gelowiges was vroeër dood as gevolg van ons sondes, maar in Christus Jesus het God ons herskep tot nuwe mense. Short & sweet!

Maar ek dink nie ons besef aldag die volle omvang van hierdie kort sinnetjie nie. Ek dink nie ons besef wat alles in die agtergrond gebeur het om hierdie stelling te laat werk nie. Om ‘n voorbeeld te noem: wanneer die groot rolprentmakers ‘n fliek maak, dan gaan sit en kyk ons dit in twee ure deur. Maar ‘n mens besef nie wat alles gebeur het om daardie twee kort uurtjies van kykgenot tot stand te bring nie. Dikwels word daar dae, weke en selfs maande gewerk om een enkele minuut se film te vervaardig, en dikwels teen ‘n astronomiese koste. Een enkele kort toneeltjie verg dikwels honderde mense se harde arbeid en kundigheid. Ons sien slegs die eindresultaat.

Staan ‘n mens vir ‘n oomblik stil, en jy dink aan wat alles moes gebeur - watter prosesse moes plaasvind om jou van ‘n verlore sondaar na ‘n vrugdraende gelowige te

omskep, dan slaan jy jou hande saam in verbasing. Dit is soos om die proses te beskryf waar ruwe kakaobone omskep word in hemelse Belgiese sjokolade - dit gebeur nie sommer maar net só nie! Maar die eindresultaat…….. Ai!

Dink so ‘n bietjie terug: Voor al hierdie dinge gebeur het was my lewe héél anders - ek het my laat mislei deur Satan (al sou ek dit dalk vir geen oomblik wou erken nie!) My sondige begeertes het my lewe só oorheers dat ek doodeenvoudig net gedoen het wat ek wou. Ek het daagliks die verdoemenis in die gesig gestaar, en dikwels gelag daaroor. Wanneer ek in sonde leef, kan ek nie slegs die duiwel die krediet gee daarvoor nie, soos wat Eva gedoen het nie. Ek sondig omdat dit lekker is, en omdat ek my deur my begeertes laat lei. Kom ons maak ‘n bietjie ‘n lysie van wat ons ware omstandighede eers was:

Ek was deur God vervloek.
Ek was dood as gevolg van my sondes.
Ek het die hoofstroom gevolg.
Ek was geestelik dood.
Ek was God se vyand.
Ek sou deur God gestraf word.
Ek was in diens van Satan.
Ek het my laat lei deur my sondige natuur.

Ja, en toe gebeur daardie wonderlike ding in my lewe, en uit God se groot genade red Hy my uit hierdie moeras van verlorenheid. Moes ek self ook iets doen? Daar is ’n “Nee” en ’n “Ja” - nee ek kon absoluut niks doen om my redding te bewerkstellig nie. Maar ja, daar was tog iets - ek moes ’n keuse maak om deel te wees van God se Koninkryk. Hy het my die geskenk aangebied, en ek moes dit aanvaar. As ek dit nie aanvaar het nie, dan kon ek géén deel daaraan hê nie - so eenvoudig!

**Maar nou lyk die lysie ietwat anders:**

Ek is nou die voorwerp van God se liefde.
Ek is saam met Christus lewend gemaak.
Ek kies Christus se pad.
Ek leef vir ewig.
Ek is ‘n kind van God.
Ek is uit genade gered.
Ek is in diens van Christus.
Ek laat my lei deur die Gees.

Om egter hierdie oorgang van die een na die ander toestand te vermag, het ‘n proses gekos wat die hemel tot in sy fondamente geskud het. Dit het gekos dat die Skepper van die Heelal Sy troon moes verlaat en Hom kom verneder tussen die vuil, sondige,

Satan-dienende gebroedsel. Hy, die Een wat die hoogste gesag van alle tye beklee, het Homself vrywillig kom onderwerp aan die spot, vloek en selfs marteling tot die dood om sodoende die volle prys te kon betaal van jou en my redding. Genade is dit - ‘n gawe van God, wat Hy gratis, vry en verniet gee. Geen mens kan dus ooit roem om te sê: “***Ek*** het my lewe verander van ‘n verlore, sondige lewe na ‘n geredde, God-gesentreerde lewe” nie. Alles, alles is genade!

As ek dan sien wat God met my lewe gedoen het, sonder dat ek enigiets daarvan verdien het, dan mag dit alleen tot één ding lei: om oor en oor dankie te sê - nie maar net met woorde nie, maar met my hele lewe. Dit behoort ‘n natuurlike reaksie te wees om daardie God wat my uit die kloue van Satan gered het te dien en loof deur alles wat ek doen - nie te werk vir ‘n beloning nie, maar suiwer omdat ek Hom liefhet!

**Gebed:**

**Dankie, dankie, dankie Jesus, vir wat U alles vir my gedoen het, en dat U my gered het! Leer my om my dankbaarheid prakties uit te leef op elke terrein in die lewe.**

**23 Desember 2011**

# Die Geskenk

## Efesiërs 2:1-10

Drie broers het alleen gebly op ‘n klein plasie naby Machadodorp - die Mensch-broers, Fanie, Gert en Herklaas. Goddelose klomp hierdie - gesuip en gevloek dat ‘n matroos sou bloos. Boonop was jou eiendom ook nie veilig as die drie in die omgewing was nie.

Een aand sit die drie en stry oor ‘n sekere kêrel wat seker iewers in die omgewing moet bly, want hulle sien hom dikwels - Petrus is glo sy naam. Hulle weet nie veel van hom af nie, maar hulle het al baie met hom te doen gekry. Elke keer as hulle in die dorp kom, dan is Petrus maar daar, en hy het al verskeie kere vir hulle gesê dat hy iets het wat hy vir hulle wil gee. Vriendelike kêrel, maar hulle is half bang vir hom. Het hy nie dalk ‘n verskuilde agenda nie?

“Ek sê hy is ‘n goeie man, en dalk moet ons hom ‘n kans gee” voer Fanie dit aan oor Petrus se aanbod. “Nee, ek weet darem nie”, huiwer Herklaas. “Ek sê julle reguit - hierdie man is moeilikheid!” betoog Gert.

Op ‘n dag kom daar ‘n donkiekarretjie aangery in die stowwerige plaaspaadjie af. Die drie broers sit hoeka al op die stoep die affêre en dophou - besoekers kry hulle nie juis dikwels nie. Toe die karretjie ‘n entjie van die huis af is merk Fanie op: “Maar dis mos ou Petrus!”

“Wag, ek loop kry my twaalfboor, dan laat weet ons hom sommer dadelik dat hy nie hier welkom is nie. Moeilikheid - dis al wat hy is!” Gert spring sommer op om die daad by die woord te voeg.

“Nee wag broer Gert, kom ons kyk hom uit” paai Fanie.

En so klim Petrus van sy donkiekar af en kom groet vriendelik. Hy voel sommer dadelik die vyandskap aan, maar hy laat niks blyk nie. “Ek het vir julle drie manne vandag ‘n offer om te maak”, val hy sommer met die deur in die huis, “ek wil vir julle elkeen ‘n geskenk gee.”

“Moenie iets aanvaar nie!” waarsku Gert, “Daar is ‘n vangplek - iewers!”

Petrus tel baie versigtig drie kissies van die wa af. Binne in elkeen is ‘n viool. “Stradivarius”, verduidelik Petrus, “hulle is baie kosbaar, en hulle het my baie, baie geld gekos. Ek wil dit vir julle gee.”

“Teen watter prys?” wil Gert weet, maar dan verduidelik Petrus dat dit ‘n geskenk is, en dat dit hulle absoluut niks gaan kos nie. “Nee dankie!” bars Gert uit, “Ek wil daar niks mee te doen hê nie!” en daarmee draai hy om en stap kombuis toe. Maar Fanie en Herklaas het dadelik die waarde van hierdie reuse geskenk raakgesien, en dit met dankbaarheid aanvaar.

Herklaas het sy viool op die rak gaan neersit, en wanneer sy vriende kom kuier, het hy trots vir hulle die kosbare Stradivarius gewys. Jare het verby gegaan, en eendag kom ‘n vioolkenner daar aan. “Hoeveel is my viool nou werd?” wou hy weet. Die man het meewarig sy kop geskud. Die hopie stof onder die kosbare viool het gewys dat die houtboorders ingetrek het omdat die viool nooit gebruik is nie. Dit was nou waardeloos. Herklaas het hom asvaal geskrik - sou hy ooit nog sy viool kon red?

Met Fanie se viool het dit ietwat anders verloop. Hy was opgewonde om die viool te gebruik, en hy het sommer dadelik die strykstok uitgehaal en oor die snare gestryk. Die ryk klanke van ‘n meestersviool het die lug gevul, en Fanie was in ekstase. Maar sy vingers was maar bitter dom. “Ek sal jou leer hoe om dit behoorlik te kan speel,” bied Petrus aan, “en boonop kom daar ‘n wonderlike handboek saam met die viool - die beste ooit! Dit is geskryf deur violiste oor duisende jare, en dit is geïnspireer deur die grootste meester van alle tye.”

Fanie het hard geoefen, en eers was hy te skaam om voor ander te speel, maar toe hy "Hansie slim" kon bemeester, toe speel hy dit vir elkeen wat wou luister. Jare het verby gegaan, en met Petrus se hulp en daardie wonderlike handboek wat hom absoluut alles vertel het van vioolspeel, het hy 'n meester geword. Baie mense het na hom toe gekom en die wens uitgespreek dat hulle ook wou leer viool speel.

**Wie is jy?**

Ek glo dat jy nie Gert is nie, want dan sou jy waarskynlik nie eers die dagstukkie wou lees nie.

Daar is egter baie Herklase wat hierdie dagstukkie vanoggend lees. Waarom sê ek so? God het na ons gekom met 'n geskenk - 'n gratis geskenk van die ewige lewe, en daarmee saam kindskap van God en burgerskap van die Koninkryk. 'n Herklaas aanvaar dit met blydskap - dit is die eerste en belangrikste stap. Maar as jy jou geloof nie oefen nie, raak dit na jare se onbruik nutteloos.

My gebed is dat jy 'n Fanie is, en dat jy hard oefen om jou geloof te laat groei en vrug dra. Onthou, ons het die grootste Leermeester van alle tye, die Heilige Gees, om ons te leer. En boonop het ons die Handboek, die Bybel, wat vir ons al die antwoorde gee. Boonop praat die Heilige Gees met ons deur daardie Handboek. Die Here wil graag hê dat ons daardie "geloofs-viool" sal gebruik en nie net vir onsself sal speel en tot

verheerliking van God nie, maar dat ons vir elkeen wat wil luister sal speel, sodat elkeen wat ons hoor ‘n begeerte sal kry om ook te kan saamspeel. En selfs al kan jy nog maar net “Hansie slim” speel - **SPEEL**!

**Gebed:**

**Here, baie dankie vir daardie kosbare geskenk wat U vir my gegee het. Ek wil dit graag gebruik tot uitbreiding van U Koninkryk.**

**28 Desember 2011**

# Een in Christus

## Efesiërs 2:11-22

Waterval Boven was in my tyd as jong seun dikwels maar ‘n rowwe plek gewees. Omdat ek op ‘n plaas gebly het, was ek nooit deel van baie van die onhebbelikhede nie (dankie tog!) Daar was drie “aanvaarde” kerke - die Hervormers, die Doppers en die Gatjieponders (NG Kerk). Al die ander was beskou as “sektaries”. En wanneer die “Apostolies” kerkgehou het, is hulle dienste dikwels wreed onderbreek deur ‘n paar seuns wat net uit was om kwaad te stook. Hoe skaam voel ek nie vandag nie, dat ek saam gelag het oor hulle gruwelike misdrywe (dit kan nie anders beskryf word nie).

En dankie tog, dat dinge verander het, en dat daardie vyandskap tussen verskillende denominasies tot ‘n baie groot mate afgebreek is. Elke Vrydag oggend het ons hier in Ballito ‘n manne biduur, waar gelowiges van al die verskillende denominasies oor die hele geloofspektrum bymekaar kom. Ons gesels saam en deel met mekaar ons vreugdes en probleme. Ons bid saam en bid vir mekaar, en ons hou dikwels besprekings oor interessante onderwerpe in die geloof. Nog nooit het ek beleef dat daar enigsins ‘n antagonisme is teenoor ander geloofstandpunte nie.

Vanoggend se Skrifgedeelte raak dan juis ook hierdie saak aan, waar Christus die skeidsmuur tussen Jode en nie-Jode kom afbreek het sodat daar nou slegs een mensheid in Christus is. Die heidene (alle nie-Jode) was eers "onbesnedenes" en ver van God af verwyder, omdat God tot 'n groot mate Sy verbond en beloftes tot Israel beperk het. Jesus het egter alles kom verander sodat hulle ook deel van God se verbond uitmaak. Was dit nie vir Hom nie, dan sou nie-Israeliete nooit deel kon kry aan God se Koninkryk en beloftes nie.

Jesus breek baie mure af - mure wat dikwels totaal onnodige skeiding bring tussen gelowiges. Sommige gelowiges is al ou, gesoute Gelowiges wat reeds deur die meul van die lewe gegaan het en sterk staan in die geloof. Dit is so maklik vir so 'n persoon om geestelik hoogmoedig te raak omdat hy reeds "ge-arriveer" het. Dit is egter geen rede om hoogmoedig te raak nie, want dit is immers nie jy wat die verskil gemaak het nie, maar Christus - al kan jy dan ook spog met 'n elle-lange voorgeslag van gelowiges wat uitgestyg het in die geloofslewe. Maar die omgekeerde is ook waar: as jy 'n nuwe Gelowige is wat nog maar in jou babaskoene staan in die geloofslewe, hoef jy vir geen oomblik minderwaardig te voel nie. In Christus is jy en die ou, gesoute Gelowige sáám een nuwe mensheid. Christus het die muur van onderskeid totaal afgebreek.

Ja, daar is baie mure wat ons as Gelowiges van mekaar skei. Soms is dit geloofsoortuigings: die een groep glo dat 'n mens reeds as baba gedoop moet word,

terwyl die ander glo dat jy nie gedoop mag word voordat jy ‘n vaste geloof in Jesus het nie. Die een klomp glo dat jy doodstil in die kerk moet sit en jou gedra, terwyl die ander hande klap en dans om so hulle spiritualiteit uit te leef. Maar daar is ook ander mure wat ons skei: Ouderdomsverskille (jongmense het ‘n totaal ander aanbiddingstyl as ouer mense), voorkoms, intelligensie, politieke oortuiging, finansiële posisie, ras, status en nog baie ander. As jy nou rêrag Jesus se liefde wil doodmaak, dan moet jy ‘n “kliek” vorm met mense wat nes jy dink, of tot wie jy van nature aangetrokke voel. Sodoende beperk jy jou liefde tot ‘n paar uitgesoekte mense.

Jesus het hierdie mure waarbinne mense hulleself afsluit, afgebreek, en daarom is alle gelowiges een nuwe mensheid, al behoort ons aan verskillende rasse of kulture, en al is daar geloofsoortuigings waaroor jy potensiëel ure lank kan stry. Arm en ryk, jonk en oud, begaafd en eenvoudig - in Christus is daar absoluut geen verskil nie. Christus het ons één gemaak, en Hy het ook ‘n einde aan die vyandskap gemaak, sodat ons almal deur een Gees vrye toegang tot die Vader het. Hierdie is ‘n wonderlike kleinood wat ons moet koester en met mekaar deel en positiewe maniere soek om versoening prakties uit te leef.

Ons moet duidelik besef dat daar in die kerk nie so ‘n ding soos ‘n eersteklas en tweedeklas Gelowige is nie. Alle gelowiges is gelyk.

Elke Gelowige is ‘n volle burger met gelyke status in God se Koninkryk - daar is nie bywoners nie!

Elke Gelowige is lid van God se huisgesin - broers en susters. God het elkeen sy eie kind gemaak - almal verbind met die bloed van Jesus.

Alle Gelowiges is sáám die geestelike huis van God - Sy heilige tempel. Elke Gelowige is deel van daardie gebou. Soos burgers gelyke status het, en gesinslede broers en susters is, en ‘n gebou ‘n eenheid is, so moet gelowiges ook ‘n hegte eenheid vorm.

Kom ons leef daardie wonderlike eenheid vandag prakties uit.

**Gebed:**

**Here, dankie dat U die mure tussen ons afgebreek het. Bewaar ons asseblief daarvan om weer die mure te herbou.**

**29 Desember 2011**

# Die Dertiende Apostel

## Efesiërs 3:1-13

Wat ‘n wonderlike voorreg is dit nie om ‘n uitgestuurde van God te kan wees - as God jou as gesant gebruik, en stuur om die blye boodskap van Sy heerlike genade en liefde uit te dra. Oorspronklik was daar ‘n twaalftal, persoonlik deur Jesus uitgekies vir hierdie taak. Drie jaar lank het hulle intensiewe praktiese opleiding gekry. Na Judas se verraad is die twaalftal weer aangevul deur die groep, maar God het besluit om ook ‘n dertiende apostel aan te stel. En so het dit gebeur dat Paulus totaal teen sy wil deur God tot stilstand geruk word op die Damaskuspad - daar waar Jesus persoonlik met hom kom praat het.

Aanvanklik was die ander apostels baie skepties oor hierdie skielike lewensverandering van Paulus, en die Joodse Christene het baie swaar gesluk aan hierdie man wat hulle eers vervolg het en nou skielik vir hulle wil kom preek. Eers etlike jare na sy Damaskus-ondervinding kry Paulus die opdrag van God om die Evangelie, nie aan sy mede-Jode te gaan verkondig nie, maar aan die heidennasies.

As ‘n stoere Jood en boonop ‘n Fariseër wat verskriklik eng wetsgebonde was, moes dit vir Paulus bitter swaar gewees het om “Ja” te sê toe God hom stuur. Hy moes letterlik alles wat hy deur die jare geleer het oorboord gooi en ‘n totale nuwe perspektief kry van Godsdiens. Heidene (was dit in hom ingehamer) was onrein, en nou moes hy sy reinheid prysgee. Maar Paulus was baie opgewonde oor sy opdrag, en hy het dit met volle oorgawe uitgevoer. Niks, absoluut niks het in sy pad gestaan nie - selfs die dood was nie vir hom ‘n struikelblok nie, en toe hy in die tronk beland, het hy doodeenvoudig voortgegaan deur briewe te skryf om sodoende kontak te behou.

Paulus sien hierdie opdrag om die Evangelie aan die heidene te verkondig nie as ‘n las op sy skouers nie, maar as ‘n geweldige voorreg. Boonop is dit ook nie ‘n voorreg wat hy verdien het deur sy toewyding of geleerdheid nie, maar suiwer genade van God. Selfs sy gevangenisskap is nie vir hom die einde van die wêreld nie, maar hy bemoedig die lesers van hierdie brief uit die tronk. Nee, hulle moenie vir hom jammer voel, daar waar hy opgesluit is nie, en dit moet hulle nog minder moedeloos maak. Vir hom, Paulus is dit ‘n eer om namens hulle in die tronk te wees.

Dit klink so verskriklik onregverdig, en ‘n mens sukkel om dit te verstaan. Paulus verkondig die Evangelie met soveel passie, maar God laat dit toe dat die Joodse Christene hom nie in Israel wil aanvaar nie. Baie van hulle is seker maar net te bly toe hy die dag op sy eerste sendingreis vertrek - uit hulle hare uit. Op die sendingveld gaan

dit ook nie maklik nie, en keer op keer moet hy verwerping ervaar. Nogtans byt hy vas en voer God se opdrag uit. Talle kere word hy uit ‘n stad uitgesmyt as dinge vir die inwoners te warm begin raak. Dan gaan Paulus doodeenvoudig maar net na die volgende stad en begin van voor af.

En toe kom sy laaste reis na Jerusalem, waar die Jode hom in hegtenis laat neem. Hulle het lankal sy bloed gesoek, en hier is hulle geleentheid nou uiteindelik. Die ergste is dat Paulus dit verwag het! Hy word na Rome gestuur waar hy eers in huisarres geplaas word, en later in die tronk beland.

Onregverdig? Nee, beslis nie! God het dit beskik dat die Joodse Christene Paulus sou verwerp sodat die Evangelie oor die res van die wêreld versprei kon word. As mense dit vir Paulus baie gemaklik in ‘n stad gemaak het, sou hy dalk net in die een stad wou bly. Dit was nodig dat die Evangelie so wyd as moontlik verkondig word, en Paulus het die wêreld behóórlik plat gery. En toe kom die tronk. Waarom moes hy soveel jare in die tronk deurbring, as hy dalk baie meer vrugbaar die Evangelie elders kon verkondig? Baie eenvoudig - daar het menige briewe die lig gesien omdat hy gedwing was om te skryf. Baie van hierdie briewe het behoue gebly, en vir die afgelope tweeduisend jaar al lees miljoene mense daagliks Paulus se “preke”. Hoe wonderlik het God nie hier voorsien nie, want as hy nie in die tronk was nie, het ons dalk nooit daardie waardevolle skat gehad nie. Of Paulus ooit besef het wat die ware doel van sy

gevangenskap was, weet ons nie, maar wat ons wel weet is dat hy sy lot met blydskap en jubeling aanvaar het. God het dit so beskik, en daarom was hy tevrede sonder om te mor.

Ek dink ons staan bitter skuldig voor God, want in elke ou dingetjie wat met ons gebeur sit ons ‘n lang gesig op. As die lewe se skoen ‘n bietjie op ons liddorings druk, dan kerm ons. Dikwels verstaan ons nie waarom dinge met ons gebeur nie, en pleit ons by God om ons te verlos van ons ellende. Weet vandag verseker dat God ‘n doel het met elke ding in jou lewe. Leef, soos Paulus, voluit vir Hom, en wanneer die swaarkry jou tref - wees dankbaar, want êrens agter dit is ‘n groot doel wat jy dalk nie nou sal verstaan nie. Maar God weet waaroor dit gaan, en daarom kan ons dit met vertroue aanvaar.

**Gebed:**

**Here, leer my asseblief om U wil met blydskap te aanvaar, selfs al moet ek ly.**

**30 Desember 2011**

# By Herhaling

## Efesiërs 3:14-21

Sy is omgesukkel wanneer ons die kerkgebou uitstap: “Daardie predikant het vanoggend alweer elke ding vyf keer herhaal!” En dan dink sy so ’n rukkie, en voeg by: “En hy het die gedagtes van hierdie preek ook al twintig keer gebruik!” Ek moet vure probeer doodgooi oor waarom dit nodig is om sommige dinge te herhaal, maar sy bly omgesukkel.

Later gesels ek met die prediker - ek het die tannie belowe dat ek met hom sou praat. “As ek dieselfde ding nog twintig keer moet herhaal, dan sal ek dit doen, totdat dit behóórlik ingesink het!” is sy reaksie. Nou is die vraag: Is dit dan werklik nodig om dinge oor en oor te sê?

As jy ‘n ouer is met jong kinders, dan sal jy weet dat jy elke aand met badtyd dieselfde rympie moet herhaal: “Was agter jou ore; onthou jou hare; moenie die héle badkamer natmors nie” - tot vervelens toe. As jy dit nie weer en weer herhaal nie, gaan dit net eenvoudig nie gebeur nie. “Maar ek is nie ‘n kind nie!” sou jy dalk sê. Ja, dit mag wél

waar wees, maar daar is sommige dinge in die lewe wat jy oor en oor móét hoor, anders vergeet jy bitterlik gou, en jou geloof verswak. Iemand wat nie dikwels in die kerk kom nie dwaal baie vinnig al verder en verder van God af, al is hy ‘n Gelowige, want in die kerk word jy herinner aan jou verhouding met God, nie alleen deur die preek nie, maar ook deur mede-Gelowiges. Ek dink dat jy al opgemerk het dat sommige idees ook oor en oor herhaal word in hierdie oordenkinge. Van God se liefde en genade kan ons net eenvoudig nóóit genoeg hoor nie.

Ja, Paulus is in hierdie opsig ook geen uitsondering nie, en op alle moontlike maniere herhaal hy die feit oor en oor (dalk net in ander woorde), dat Gelowiges hulle redding alleen aan God te danke is. Op geen ander manier is daar redding, behalwe deur Jesus Christus nie; as God die Gelowige nie gered het en sy kind gemaak het nie, dan sou hy verlore gewees het. Kan dit ooit genoeg gesê word? O, uit eie ondervinding weet ek dat as ek dit nie dikwels hoor nie, dan begin ek naderhand daarvan vergeet, en dink ek dat ek my eie heil kan uitwerk, en dat dit my eie prestasies en goeie hoedanighede is wat vir my redding bring.

Paulus doen in hierdie Skrifgedeelte voorbidding vir die lesers. Dalk het Paulus dit so bitter nodig gehad om aan homself te dink waar hy in die tronk opgesluit was. Dalk wou hy vir God vra om hom te verlos uit sy ellende. Tóg is daar nie eers sprake daarvan nie, en sy gebede gaan oor diegene wat sy brief lees. Maar let mooi op

waaroor sy gebed gaan: nie oor materiële dinge nie - nie dat hulle groot rykdom sal hê, of dat dit liggaamlik met hulle goed sal gaan nie. Sy gebed gaan oor die belangrikste van al die dinge - dít wat werklik saak maak. Hy bid dat elkeen wat die brief lees (dit sluit ook vir jou en my in) innerlik (geestelik) sterk sal word - dat God deur die Heilige Gees vir die leser daardie krag sal gee uit die rykdom van Sy heerlikheid. Daardie wonderlike "Kragbron" is tot elkeen van ons se beskikking. Dit is 'n onuitputlike, ewigvloeiende Bron, gevoed uit die onmeetlike rykdom van God. Waarom sal ons dit dan nie gebruik nie?

Hy bid ook dat Jesus Christus deur geloof in ons harte sal woon. Die feit is dat dit nie Jesus is wat gesmeek moet word om in ons harte te woon nie - Hy staan in afwagting gereed vir ons om oop te maak. Dit is eintlik óns wat gesmeek moet word om Hom toe te laat!

Verder bid hy dat ons in liefde gewortel en gegrondves sal wees. Jesus het reeds alles gedoen: ons vrygekoop; vir ons die saligheid en lewe gegee; die Heilige Gees gegee. Hy het selfs vir ons 'n voorbeeld kom gee van hoe om liefde prakties uit te leef. Nou smeek Hy by ons om ook daardie liefde in ons lewens prakties toe te pas op alle lewensterreine. Nee, nie sommer net hier en daar 'n blykie van liefde nie, maar dit moet deel van ons daaglikse bestaan word. Ek dink nie ons kan ooit begryp hoe ver Jesus se liefde strek nie, maar deur liefde te leef, begin 'n mens so 'n ietsie ervaar van

die onmeetlike omvang van Jesus se liefde. Paulus se gebed is dan ook dat ek en jy intensief bewus sal word van Jesus se liefde - daardie liefde wat alle verstand te bowe gaan. Hy wil hê dat ons totaal en al vervul sal word met die liefde en daarmee saam die volheid van God.

Jy sê: hierdie hogere gedagtes is alles wensdenkery? Nee, beslis nie! Dit is binne die bereik van elke Gelowige. Maak net jou hart en lewe en verstand oop daarvoor - die Heilige Gees sal die res doen.

En wanneer dit die dag met jou gebeur, dat jy meegevoer word tot ‘n geestelike hoogtepunt, dan durf jy nooit geestelik hoogmoedig raak nie. Dan moet jy besef waar jou krag en spiritualiteit hulle oorsprong het. Dit is God alleen wat jou daardie dinge kan gee, en nog oneindig baie meer as wat ons menslike verstand kan verwerk. Ja, aan Hom alleen kom al die eer en lof en dank en aanbidding toe. Ons durf nooit ooit die eer vir onsself toe-eien nie, want in Hom, deur Hom en tot Hom is alle dinge, in die hemel en op die aarde.

**Gebed:**

**Here, God-Almagtig, ek val vanoggend in aanbidding voor U neer, want sonder U is ek niks. U is die Een wat my lewe en krag gee. Dankie Here, dankie!**

**2 Januarie 2012**

# Kerkeenheid - Is Dit Moontlik?

## Efesiërs 4:1-16

Vir Kolonel James Stevenson-Hamilton - die eerste parkhoof van die Kruger Wildtuin, was die natuur en die veld in sy bloed, en met groot passie het hy begin om die wildtuin op te bou. Hy het bitter hard gewerk om hierdie lap dorre aarde te omskep in ‘n park waar mense deel kon word met die natuur en die wildlewe geniet. Hy het egter ‘n paar dinge totaal verkeerd verstaan. Sy een groot doel was om ontslae te raak van al die roofdiere wat die kosbare bokke so opvreet. Leeus veral is voor die voet uitgeroei om ‘n veilige eenheid te skep in die wildtuin. Vandag is dit natuurlik algemene kennis dat die besoekers juis gaan om die leeus te sien! Dit was byna ‘n fatale fout. Die sukses vandag in die Kruger Wildtuin, lê juis in die verskeidenheid binne die eenheid, en die wonderlike balans van die natuur waar elkeen - selfs (veral!?) die roofdier - sy nis het.

Presies dieselfde geld op kerkgebied, waar die tradisionele kerke (NG Kerk ens.) ‘n klompie jare gelede baie giftig was teenoor die kerke wat ‘n gemakliker aanbiddingstyl handhaaf (AGS, Volle Evangelie ens.). Hulle is uitgekryt as “sektes” en “baie gevaarlik!” Later weer is die prentjie omgekeer, toe daar venynige aanvalle uit húlle

geledere gekom het teenoor die tradisionele kerke, omdat hulle “morsdood” is en totaal verkeerd doop.

Dankie tog, daardie tyd is verby, en kerkleiers het begin insien dat daar wel verskille binne die Kerk van Christus kan wees terwyl daar ‘n hegte kerkeenheid gehandhaaf kan word. In Christus is ons tog immers almal een ten spyte van ons verskille. As ’n mens mooi gaan dink oor die verskille, dan sien jy dat daar júís verskillende aanbiddingstyle nodig is, want mense is verskillend ingestel, en die verskeidenheid bied vir elkeen sy plekkie waar hy gelukkig voel. Inderdaad is daar nog steeds mense wat baklei oor hierdie verskille, maar hulle is gelukkig in die minderheid.

Die vraag is vanoggend: hoe handhaaf ‘n mens ‘n werkende eenheid te midde van die groot verskille? Paulus verduidelik dat jou belydenis moet klop met die manier waarop jy prakties leef. Eenheid kan met ander woorde nie reg gepraat word nie, maar dit begin by die indiwidu (ek en jy) om ons geloof prakties uit te leef. Vir eenheid is dit van die uiterste belang om Efes. 4:2 jou eie te maak: “***Wees altyd beskeie, vriendelik en geduldig, en verdra mekaar in liefde.***” Kerkeenheid is onmoontlik sonder hierdie kwaliteite. Maar dan moet ons ook onthou dat eenheid nie by mense begin nie, maar by God. In vers 3 praat Paulus van die eenheid wat die Heilige Gees tussen ons gesmee het. Hierdie eenheid durf ons nie wegsmyt nie - ons moet dit positief nastreef en daarvoor werk deur in vrede met mekaar te leef. Dit is nie altyd maklik nie, veral as die

ander party begin klippe gooi, en jy moet steeds vriendelik en geduldig bly en verdra.

Soms lyk dit vir ons asof die verskille net eenvoudig te groot is. Die verskillende kerke van Ballito het by etlike geleenthede gesamentlike dienste gehou, en elke kerk kry dan geleentheid om ‘n deel van die diens te behartig. Daar is gewoonlik ‘n ongemaklike stilte wanneer dit die NG Kerk se beurt is, want party groepe is gewoond om lewendig mee te doen, en nou gebeur daar (byna) niks! Wanneer dit weer húlle beurt is, staan die tradisionele groepe ongemaklik en rondtrippel, want hulle is nie gewoond aan ‘n gedansery en al die “lawaai” nie. Hoe kan daar eenheid kom as die verskille so groot is?

Paulus lê klem daarop dat ons duidelik moet besef dat daar net één liggaam en net één Gees en één hoop en één Here, één geloof, één doop en één God en Vader is (v. 4-6). Wat God een gemaak het durf ons nie uitmekaar jaag nie.

Eenheid te midde van verskille, beteken dat ‘n mens vir mekaar ruimte moet gee. Jy moenie vir mekaar probeer voorskryf wat die regte ding is om te doen nie, want sê nou net jy is eintlik die een wat verkeerd is! Net so is dit verkeerd om kunsmatig bymekaar te voeg wat nie saam kan funksioneer nie. Daar is al vir baie jare pogings om die drie “susterkerke” (NG, Gereformeerde en Hervormde kerke) saam te voeg, maar keer op keer misluk die samesprekings. Waarom? Selfs tussen hierdie drie kerke het daar totaal

verskillende aanbiddingstyle ontwikkel. Alhoewel hulle presies dieselfde gedagtes deel, is die een baie konserwatief en styf terwyl die ander soms neig na die Charismatiese.

Kerkeenheid begin nie by kerkleiers nie, maar by jou en my persoonlik. As ek en jy na mekaar kyk en nie die verskille raaksien nie maar eerder die wonderlike Skrifwaarhede wat ons deel, is die helfte van die stryd gewonne. Nou kan ons die verskille met beskeidenheid, geduld en vriendelike, innige liefde mekaar gun en saam gesels oor die dinge wat werklik saakmaak.

**Gebed:**

**Here, ek loof en prys en dank U vir die wonderlike eenheid wat besig is om pos te vat onder ons verskillende kerke. Help my om positief en prakties verdere eenheid na te streef en uit te leef.**

**4 Januarie 2012**

# Begeertes

## Efesiërs 4:17-24

Paulus pleit vanoggend by jou (en my) om nie langer soos heidene te leef nie. Die heidene van daardie tyd was natuurlik al die nie-Joodse volke wat rondom die Middellandse see gewoon het. Die stories wat ‘n mens hoor, van hoe die meeste van hierdie mense geleef het, laat die hare op jou nek regop staan. Dronkpartytjies en seksorgies was aan die orde van die dag. Om die waarheid te sê, was baie van hierdie dinge in die tempels van hulle afgode bedryf, en daar was in sommige gevalle selfs tempelhoere aangestel in die tempels. As jy maar net gaan kyk na die Griekse geskiedenis, dan sien jy ‘n magdom afgode wat aanbid is. Van die tempels staan vandag nog.

En dan was daar die Romeine. Hulle het die ganse wêreld oorwin deur hulle oorlogmasjien wat net eenvoudig oor alles en almal geloop het, en diegene wat nie wou saamspeel nie, vernietig het. Bloeddorstig was hulle, nie alleen in hulle veldslae nie, maar ook wanneer hulle ontspan. Dink maar aan die Kolosseum wat vandag nog in Rome pryk as monument vir die talle mense wat daar omgekom het. Vriende moes teen

mekaar veg tot die dood toe; Christene is lewendig vir leeus gevoer of deur Gladiators vermorsel - alles net om die mense se bloedlus te bevredig.

En dan was daar natuurlik al die onderstrominge tussen die manne daar bo - verraad; korrupsie; moord; rugstekery (letterlik en figuurlik), en selfs die keisers het dit nie ontkom nie.

“Verskriklik!” sê jy? Ja, maar vandag gaan dit dikwels nog baie erger, maar op ‘n héél ander manier. Dronkpartytjies is steeds aan die orde van die dag, en die skokkende is dat dit deesdae nie ‘n skande is om met ‘n babelaas by die werk op te daag nie - jy spog eerder daarmee! In die kroeg spog die manne oor hoeveel “onskuldige” meisies hulle al op hulle kerfstok het, en wanneer ‘n klomp vrouens partytjie hou hoor jy nét so hoeveel mans hulle al verlei het.

Die afgodstempels van vandag het so ‘n bietjie verander, maar hulle is steeds daar - die flikkerliggies van die talle dobbelhuise in ons land skyn dag en nag helder. Slaafs kom offer mense hulle geld en besittings aan die god wat meer en meer en meer vra. Soms gee hy iets terug, maar dan sluk hy maar net weer alles in. En dan is daar die talle ontkleeklubs, met naas hulle die rye en rye bordele - inderdaad onwettig, maar die owerhede draai ‘n blinde oog.

Ook die bloeddorstige geweld van daardie tyd het ons vandag nie vrygespring nie.

Moord, verkragting, roof, kapings en molestering is aan die orde van die dag. Korrupsie, rugstekery, bedrog en diefstal is ‘n alledaagse gebeurtenis, tot in die heel hoogste gestoeltes in ons land.

As Paulus vra dat ons asseblief nie so moet leef (soos die heidene) nie, dan is jou reaksie sommer dadelik: “Maar Christene maak hulle mos nie aan sulke dinge skuldig nie!” Rerig? ‘n Baie bekende predikant het ‘n ruk gelede ‘n dringende veldtog teen dobbelary geloods nadat hy sélf daarin verval het en verswelg is deur die dobbelduiwel. Slegs genade het hom uit daardie modderpoel gered. Ja, tragies is dit gewoonlik slegs die predikante wat struikel, wat die nuus haal. Die afgelope tyd was ‘n paar predikante in die nuus wat by molestering of owerspel betrokke was. Iemand vertel ‘n rukkie gelede van ‘n predikant wat by hom kom pleit het om hulp - hy was vasgevang in ‘n rottingspoel van pornografie.

Ek noem hierdie dinge slegs om te wys dat niemand onfeilbaar is nie - nie eers die predikante nie. Talle Christene is ingesuig deur die dobbelhuise - dit begin met ‘n onskuldige aandjie van pret saam met ‘n paar vriende, en voor jy weet waar jy is, dan is jy vasgevang in daardie net. Dieselfde geld vir al die ander verleidelike dinge van die wêreld. Dit het alles te doen met begeertes - sondige begeertes wat jou al hoe meer verteer. ‘n “Onskuldige” flirtasie kan begeertes in jou wakker maak wat later ‘n onblusbare vuur word en in ‘n tragedie eindig.

“Breek met die ou, sondige mens in julle wat deur sondige begeertes verteer word.” pleit Paulus vandag by jou, as jy in sulke dinge verval het. “Jou gees en gedagtes moet nuut word,” sê hy in vers 23, “en jy moet lewe as ‘n nuwe mens wat na God se beeld geskep is.”

Christus het vir ons ‘n voorbeeld gestel oor hoe om te lewe. Hy het gewys dat jy voluit kan leef sonder om jou oor te gee aan losbandigheid. ‘n Christen se lewe hoef geensins saai en lang-gesig te wees nie, maar bly weg van die dinge wat sondige begeertes in jou kan opwek. Vul jou lewe met mooi dinge, en daar sal nie meer plek wees vir die sondige nie. As jy besig bly met opwindende aktiwiteite wat volgens God se wil is, sal daar net eenvoudig nie tyd wees om te tob oor begeertes wat jou na die verderf lei nie.

**Gebed:**

**Rig asseblief vandag my lewe sodat ek volkome volgens U wil sal leef, en heilig sal wees soos wat U van my vra.**

**5 Januarie 2012**

# Riglyne vir die Lewe

## Efesiërs 4:25-5:5

Tannie Marie se verloofde - haar Ridder op ’n wit perd waarvoor sy so lank gewag het - is so kort voor hulle troue skielik dood, en sy was verpletter. Sy het nooit weer liefde gevind nie - dit is tot sy al byna vyftig was. Toe ontmoet sy vir Oom Fanjan, ‘n wewenaar. En die liefde blom! Op haar troudag kry haar broer, Oom Gert die geleentheid om ‘n paar gevleuelde woorde te sê. Sy boodskap is kort en kragtig: “As julle ooit rusie kry - maak altyd vrede voor julle gaan slaap!” Sy was ’n oujongnooi vir byna 50 jaar en nie altyd ’n baie maklike mens nie, en nou skielik is sy in ‘n verhouding - haar hele lewe moes verander.

Gister het ons gesien hoe ‘n mens se sondige begeertes lewens kan verwoes - nie net jou eie nie, maar ook ander s’n. Vandag kom Paulus en gee praktiese riglyne oor wat om met daardie begeertes te maak. As jy vrygemaak is deur Jesus, dan beteken dit ook dat daar sekere verantwoordelikhede op jou skouers kom lê. Dit beteken dat jy nou moet breek met daardie sondes in jou lewe, en dat jy daarna streef om volkome volgens God se wil te leef en heilig te wees. Paulus se riglyne is maar enkele voorbeelde van

hoe ‘n gelowige se lewe behoort te verander.

Sy eerste riglyn is om die waarheid onder mekaar te praat. Leuens is giftige goed wat verhoudinge kan vernietig. Van leuens binne ‘n huwelik wil ek nie eers praat nie, want dit is die maklikste manier om ‘n huwelik in die skeihof te laat beland. Binne ‘n gemeente versteur leuens die eenheid; dit bring konflik; wedersydse vertroue word ondermyn; rusies en kwaaivriendskap is die gemeente se voorland. Die waarheid mag dalk op die kort termyn seer bring, maar op die lang termyn bind dit die gemeente saam as ‘n hegte eenheid.

Paulus se tweede riglyn is om nie te sondig as jy kwaad word nie. Nee, dit beteken nie dat jy nooit kwaad mag word nie, maar jou optrede wanneer jy kwaad word bepaal of jy sonde doen of nie. Selfs Jesus het kwaad geword toe Hy sien hoe die tempel ontheilig word. Goeie raad is om altyd eers tot tien te tel as iets jou bitterlik ontstel, sodat jy genoeg tyd het om nugter te dink oor jou reaksie. ‘n Voorbeeld: Iemand ry teen jou blinknuwe motor vas, en jy is woedend. “Wat dink jy doen jy!” skree jy vir hom terwyl jy uit jou motor storm. Jou woede ontlok sy woede, en julle skree op mekaar. Dink nugter oor die situasie: Ja, hy was verkeerd - het dalk nie gekyk waar hy ry nie. Maar nee, hy sou dit beslis nie opsetlik gedoen het nie. Waarom dan op hom skree? Om kalm uit te klim en die saak rustig met hom te bespreek, ontlont die situasie en bring ‘n oplossing. ‘n Woedeuitbarsting (veral padwoede) het al menige mense se dood

gekos. Dit kan ook jou gesondheid vernietig. Dit verbreek verhoudinge, en dit gee die duiwel ‘n vatkans op jou lewe. As gelowige het jy die wonderlike voordeel dat jy die Heilige Gees het wat jou sal help om jou kwaad-word reg te kanaliseer - jy moet Hom net daarin vertrou.

“Diewe moet ophou steel,” sê Paulus, “en werk om ook vir iemand anders iets te kan gee.” As jy ’n gelowige is, moet jy ophou om te vat wat nie aan jou behoort nie - ongemagtigde privaat telefoonoproepe op jou werk se rekening; belasting wat skelm van die staat weerhou word; werktyd waar jy ginnegaap en sodoende jou baas se tyd steel ……. Daar is ’n magdom voorbeelde.

Vuil taal mag nie deel van ’n gelowige se woordeskat vorm nie. “Wat die hart van vol is loop die mond van oor.” - so lui die spreekwoord. As jou mond oorloop van vuil taal, dui dit op ‘n vieslike binneste. As Christus die middelpunt van jou lewe is, sal vuil taal nie eers ‘n opsie wees nie.

“Wees goedgesind en hartlik teenoor mekaar, en vergewe mekaar.” God het ons sondes vergeef - natúúrlik beteken dit dat ek ook my medemens s’n sal vergeef, en sodoende God se onvoorwaardelike kwytskelding weerkaats. Hartlikheid en goedgesindheid dui ook op liefde wat deel van jou lewe is.

“Leef in liefde, soos Christus ons ook liefgehad het.” Natuurlik kan ons nie eers naby

Jesus se liefde kom nie, maar ons moet streef om vir almal lief te wees - selfs ons vyande, en die liefde prakties uit te leef.

Die laaste riglyn wat Paulus gee, is dat vuil praatjies, onsedelikheid en gierigheid nooit deel van ‘n gelowige se lewe mag wees nie. ‘n Mens raak so maklik aan vuil praatjies gewoond, sodat dit jou later gladnie meer pla nie, en jy lustig daaraan deelneem. Dit dra beslis nie die getuienis van jou verlossing uit nie. Nog minder onsedelikheid en gierigheid, want hierdie is dinge van die wêreld, aangestook deur die duiwel homself. ‘n Grap hoef nie vuil te wees om skreeusnaaks te wees nie - teken gerus in op Danie se geselsbrief: “Begin jou dag ‘n slag met ‘n lag” ( D@nie.co.za ), en jy sal besef hoe lekker ‘n mooi skoon grap kan wees, en hoe verrykend ‘n snaakse storie sonder vuil taal. Vul jou lewe met die mooi dinge, en daar sal nie plek wees vir die lelike nie!

**Gebed:**

**Here, help my asseblief om ontslae te raak van al die lelike dinge in my lewe. Vul my lewe met U wonderbare liefde, en help my om dit prakties uit te leef.**

**6 Januarie 2012**

# Lig en Duister

## Efesiërs 5:6-20

Ek en Mosbolletjie sit knus by die warm gloed van ‘n knetterende vuurtjie in die Bos. Die dansende vlammetjies skep ‘n rustige, veilige atmosfeer en verdring die pikdonker wat bosse rondom ons verswelg. Die nag is pragtig, en kort-kort “koer-kôr” ‘n skopsuiltjie rustig as hy met sy maat gesels, ‘n paar bome verder. Baie ver weg steun-kreun ‘n leeu, gevolg deur die ou wolf-met-die-mank-been wat “hoeeeep-hoeeep”, hinke-pink op soek na ‘n stukkie afvalvleis of ‘n been. Ons voel veilig hier by die vuurtjie - of voel ons rêrig veilig?

‘n Takkie kraak. Ek en Mosbolletjie vlieg gelyk om - bonsende harte. Die groot flitslig se straal klief deur die pikdonker. Daar is niks. Wat sou dit wees? Elke donker hoekie van die bos word noukeurig gefynkam met die kragtige ligstraal.

Tevrede sit ons weer terug en ontspan, maar iewers in jou agterkop is daar ‘n stemmetjie wat sê: “Daar is iets in die pikdonker wat ons sit en dophou - iets baie onheilig!” ‘n Leeu brul baie hard, en ek wip soos ek skrik. Inderdaad is hy seker daar

onder by die rivier, maklik ‘n kilometer of twee van ons af, dus is ons veilig. Maar die stemmetjie gesels weer: “Daardie leeu kan gemaklik dertig kilometer per uur hardloop - dus kan hy hierdie ou kilometertjie in twee minute kafdraf!” Ek skuif nader vuur toe.

Met gereelde tussenposes word die donker om ons gefynkam vir enige vorm van lewe - ‘n mens weet nooit…. dis nie net leeus wat in die donker rondsluip nie - hier kan skelms ook wees.

Dit is tóg interessant dat alles wat onheilig is in die donker gebeur. Rowers wag gewoonlik tot dit pikdonker is voordat hulle jou huis beroof. Leeus lê bedags en slaap, maar as die nag sy donker kombers om die bos gooi, dan is hulle op en wakker. En honger! Ek onthou nog baie goed hoe my hart in my keel geklop het, daardie nag toe my motor in ‘n modderpoel vasgeval het, en ek en ‘n vriend in die pikdonker moes huistoe stap deur roofdierbesmette bosse, gewapen slegs met ‘n flits met pap batterye! Ek was nog nooit in my lewe so bly om die huis te sien nie! Allerhande ander onheilighede broei snags uit: dan begin bordele flink sake doen en die dobbelhuise raak vol; dit is dán wanneer die manne goed gesuip kan raak, en alles wat losbandig is gebeur. Dit is asof alles wat sleg is bang is vir die lig! Selfs in die natuur is dit al die donker, gevaarlike en sinistêre kriepiekrôlies wat in die donker rondsluip - roofdiere, vlêrmuise, rotte en skerpioene, maar in die helder sonskyn kom die kleurvolle, vrolike, kwetterende voëltjies uit om die lewe op te helder.

En nou kom Paulus júís en hy speel die lig teen die duister af - as ongelowiges het ons vroeër in die duister geleef, maar nou verlig God se helder lig ons lewens. Daarom moet ons nie meer leef soos iemand wat steeds in die duister is nie, maar soos mense van die lig. Jy moet jou ook nie laat mislei deur mense wat steeds ‘n duistere lewe lei nie. Dit beteken nie dat jy niks met sulke mense te doene moet hê nie - inteendeel: as gelowige is dit júís jou plig om die Lig vir so ‘n persoon aan te bied as wonderlike alternatief vir die verlorenheid van die duister waarin hy leef.

As ‘n mens van die Lig moet jy jouself gedurig afvra of dít waarmee jy besig is, aanneemlik is vir die Here. Sou Hy wou hê dat jy dit doen? As jy nie positief oor hierdie vraag kan antwoord nie - los dit dan uit! “Moenie meedoen aan die vrugtelose praktyke van die duisternis nie!” sê Paulus. Hou jou daar uit! Moenie eers gesels oor die geheime dinge van goddeloses nie, want dit is ‘n skande! Dit beteken nie dat jy net eenvoudig jou oë moet toehou vir alles wat verkeerd is nie. Inteendeel, jy moet júís iets daadwerklik daaromtrent doen - “Stel dit aan die kaak!” sê Paulus. Nee, jy moenie ligsinnige praatjies daaroor maak nie, maar jy moet die bose dinge uitwys en standpunt daarteenoor inneem. Stilswye is ook ‘n vorm van goedkeuring!

Die duister moet vervang word met lig: slegte dinge moet vervang word met goeie en nuttige dinge. Moenie net hande gevou sit en pragtig lyk nie, maar maak gebruik van elke geleentheid. “Koop die tyd uit”, lui die Ou Vertaling (vers 16). In plaas van om in

‘n kroeg rond te hang saam met die manne, moet jy jou eerder daarop toelê om ‘n Geesvervulde lewe na te streef. Eerder as om vuil liedjies op ‘n rowwe partytjie te sing, moet jou lewe weerklink met lofliedere tot eer van God, opreg en diep uit jou hart uit. Soek die wil van God - soek antwoorde uit die Skrif, en delf diep om uit te vind wat die Here se doel met jou lewe is - wat Hy wil hê dat jy moet doen.

En laastens: leef dankbaar - sê dankie vir elke ding wat na jou kant toe kom.

**Gebed:**

**Here, dankie dat U my uit die duister gered het na U wonderbare lig toe. Gee asseblief vandag vir my ‘n jubeling in my hart.**

**9 Januarie 2012**

# Wie's Baas in die Huwelik?

## Efesiërs 5:21-33

Lente is broeityd vir die Neushorings. Ek sit en dophou hoedat die neushoringvoël vir vroulief en die kroos kos aandra. Sy is natuurlik saam met die kinders toegemessel in 'n hol boomstam, met net 'n klein skrefie waardeur hy hulle voer. Haar taak is eenvoudig: sy moet die kleintjies suksesvol groot kry, en hulle het haar onverdeelde aandag 24 uur per dag. Sy taak is ewe eenvoudig: daar moet so veel kos as moontlik nes toe gedra word, sodat die kleintjies vinnig kan groei, en natuurlik moet ma ook oorleef - sy het haar vere vir die kroos uitgepluk, en kos is nou noodsaaklik om haar kondisie weer terug te kry.

Vir Pa-neushoring is ons kuiertjie in die Bos 'n reuse hulp, want skielik is daar 'n spens van kos wat nie opdroog nie, omdat ons die voëls voer. Onverpoosd gaan hy voort - heen en weer nes-toe; kos-toe; nes-toe ad infinitum. Hy dink skaars aan sy eie welstand - stop net so af en toe om haastig ietsie te sluk, en dan gaan die karweiwerk weer voort. Kort-kort hoor ons die kleintjies skree, dat Pa nou moet roer, want hulle is honger. Tóg snaaks dat ek nog nooit die ma hoor skree het op haar hardwerkende man nie! Laat

mens dink…… As daar ooit ‘n voorbeeld van praktiese huweliks-liefde was, dan is hierdie een van die Neushoring-gesin héél bo aan die lys!

Die Bybelse voorskrif vir verhoudinge binne die huwelik word dikwels verkeerd verstaan. So dikwels lees ons: “Vrouens, wees aan julle mans onderdanig” (Efes. 5:22), en dan haak ons net daar vas, en lees nie die res nie. Om die hele gedeelte reg te verstaan, moet ons by vers 21 begin lees, want hier staan al dat gelowiges aan **MEKAAR** onderdanig moet wees uit eerbied vir Christus. Die opdrag aan die vrou om onderdanig te wees aan haar man, is deur die eeue gruwelik misbruik - selfs vandag nog. Nêrens staan daar dat die man baas is en die vrou sy slaaf nie! Tóg is dit hoe baie mans dit interpreteer.

Dit is eers wanneer ons verder lees, dat ons sien dat die opdrag aan die man is om sy vrou so lief te hê soos Christus die kerk liefgehad het - Hy het selfs sy lewe daarvoor afgelê. (vers 25). Hierdie twee opdragte, asook die een in vers 21 moet saamgelees word as ‘n eenheid. Die man en vrou moet dus aan mekaar onderdanig wees. Die vrou het egter ‘n besonderse opdrag om die leiding van die man in die huwelik te aanvaar. Terselfdertyd het die man ’n besonderse opdrag - nie om baas te wees in die huwelik nie, maar die liefhê-ding. Ons het oor en oor gelees dat ons as gelowiges mekaar moet liefhê, maar in die huwelik moet hierdie liefde ‘n stappie verder geneem word. Soos daardie neushoringvoël onbaatsugtig, nie aan homself dink nie, maar slegs sy vroutjie

se belang soek, so moet die man se liefde vir sy vrou totaal selfverloënend wees.

Die verhouding binne ‘n huwelik word vergelyk met die verhouding tussen Jesus en die kerk. As ons maar net gaan kyk na Jesus se lewe as Mens, dan is daar ‘n paar baie interessante dinge wat na vore kom. Jesus het op alle terreine onvoorwaardelik die leiding geneem, nogtans het hy nie die dissipels of Sy volgelinge oorheers nie. Nooit het ons gesien dat Hy sou terugsit en dat hulle die werk moes doen nie - nee, Hy was al die tyd saam met hulle in die tuig. Ons sien nêrens dat hulle Hom moes bedien nie - Hy het eerder húlle vuil voete gewas. En toe die moeilike tye kom was Hy bereid om die pad enduit alleen verder te stap, en Sy lewe op te offer vir Sy volgelinge. Van die dissipels is egter verwag om Sy leiding te volg en onderdanig aan Hom te wees.

As hierdie soort riglyn in ‘n huwelik geld, kan dit nie anders as om ‘n reuse sukses te wees nie. As jy as man jou vrou so selfopofferend liefhet soos Christus sy kerk, dan kan dit nie vir haar moeilik wees om aan jou onderdanig te wees, en jou leiding te aanvaar nie. Terselfdertyd is dit ook waar, dat as ‘n vrou haar man baie spesiaal laat voel deur haar optrede - dat hy die enigste een vir haar is; die koning in hulle huis - dan kan dit nie anders as om sy liefde vir haar na groot hoogtes aan te spoor nie. Die huwelik is nie ‘n eenmansaak nie, maar ‘n hegte vennootskap, waar albei partye ewe hard aan moet werk, en elkeen sy kant bring met volle oorgawe, maar terselfdertyd ook met Christus alleen as Hoof.

Hoe wonderlik, dat die omgekeerde ook waar is: dat die huwelik ook gebruik word om die verhouding tussen Jesus en die kerk te demonstreer. In vers 32 pas Paulus hierdie verhouding toe, en sê hy dus dat jou huweliksverhouding sodanig moet wees dat mense die kerk daarin kan sien. Dit plaas ‘n geweldige verantwoordelikheid op jou huwelik, want jy moet besef dat God jou huwelik gebruik om die ongelowige iets te laat begryp van die wonderlikheid van die verhouding tussen ons as die bruid en Jesus Christus as die Bruidegom.

**Gebed:**

**Here, daar is so baie terreine in my huwelik waar ek ver tekort skiet. Help my asseblief om hard daaraan te werk.**

**10 Januarie 2012**

# Verhoudinge

## Efesiërs 6:1-9

In vandag se Skrifgedeelte spreek Paulus twee baie netelige verhoudingsprobleme aan: dié van ouers en kinders asook die verhouding tussen slaaf en eienaar.

Vandag is die verhouding tussen ouers en kinders ‘n baie teer sakie in menige huishouding. Dit wil net lyk asof in die meeste gevalle, ouers geen beheer oor hulle kinders het nie. Kinders ruk totaal handuit en is dikwels totaal onbeheerbaar, veral as hulle die tienerjare bereik.

Ons ouens hier in Ballito sit met ‘n reuse probleem elke jaar na afloop van die matriek eksamen, wanneer matrieks ons dorp oorstroom om die vakansie van ‘n leeftyd te kom hou. Vandalisme vier hoogty; dronkpartytjies; oorverdowende musiek en lawaai dwarsdeur die nag; vakansiewoonstelle wat bemors en beskadig word; bakleiery. En as ‘n mens hulle ouers daarvan laat weet, dan is die antwoord soos klokslag: “My kind sal nooit so ‘n ding doen nie!”

“Wat het van ons samelewing geword? Wat het verkeerd geloop?” wil ‘n mens dit

uitskreeu.

As dit mag help - een van die groot filosowe (ek dink dit was Plato) het geskryf dat “deesdae se kinders totaal onbeheerbaar geword het” - en dit was baie jare voor Christus se geboorte. Die probleem is al so oud soos die berge. Die “Generasie Gaping” word dit dikwels genoem.

In ‘n gelowige gesin het ouers en kinders ‘n verantwoordelikheid teenoor mekaar - ‘n gróót verantwoordelikheid! Kinders moet hulle ouers eer, selfs al is hulle veeleisend en onredelik. Maar ouers moet ook hulle kinders met liefde grootmaak, selfs al is hulle moeilik en onaangenaam. Hierdie dinge kan egter slegs gebeur as hulle aan mekaar onderdanig is uit eerbied vir Christus, soos ons in Efesiërs 5:21 gelees het.

Paulus begin praat met die kinders - twee opdragte word gegee: Hulle moet hulle ouers gehoorsaam wees, en hulle moet hulle eer. Hierdie is twee totaal verskillende dinge. Tot die dag wanneer ‘n kind nie meer onder sy ouers se gesag staan nie, moet hy aan hulle gehoorsaam wees. Eerbied vir jou ouers moet egter lewenslank duur. Dit is so tragies dat sommige ouers, wanneer hulle oud is, weggesmyt word - êrens in ‘n tehuis vir bejaardes geplaas word en van vergeet word. As kind het jy ‘n verantwoordelikheid teenoor jou ouers wanneer hulle die dag oud is, en moet hulle dan steeds eer ontvang. Dit kan bydra dat hulle ouderdom ‘n seën is en nie ‘n las nie.

Ouers het egter ook ‘n baie groot verantwoordelikheid, om hulle kinders met liefde op te voed. Tug is ‘n baie belangrike hulpmiddel om kinders op te voed. Ons moet egter baie mooi verstaan wat tug eintlik beteken: dit is nie straf nie, maar ‘n liefdesaksie om ‘n kind die regte paaie te leer. Om te skree en tekere te gaan, werk net eenvoudig nie - om kwaad te word nog minder. Lyfstraf is ‘n baie teer kwessie, waaroor ek my nie wil uitlaat nie. Dit is egter belangrik om só op te tree dat jy nie jou kinders opstandig maak nie. Jou optrede moet jou kind leer wat God se liefde en dissipline is, en nie wys dat jy ‘n ongenaakbare of wispelturige tiran is nie.

Die tweede verhoudingsprobleem wat Paulus aanspreek, is dié tussen baas en slaaf. Slawerny was daardie jare deel van die gemeenskap, en Paulus het dit nie eers probeer veroordeel nie - dit sou net moeilikheid beteken. Slawe was “eiendom” sonder enige regte. Wanneer ‘n slaaf egter gelowig geword het, het hy ‘n nuwe vryheid ontdek. Paulus wil keer dat hulle nie hierdie vryheid misbruik nie, want dit sou die orde van die samelewing versteur, en daarom gee hy duidelike riglyne. In kort kom dit daarop neer dat slawe en base verantwoordelik teenoor mekaar moet optree, uit eerbied vir Christus.

In ons situasie vandag staan ek en jy as werknemer dikwels ook in diens van ‘n onredelike baas. Wanneer dit die geval is, moet jy by die situasie verbykyk en jou éintlike Baas, Jesus Christus raaksien. Moenie jou werk halfhartig en met ‘n lang gesig

doen om jou baas te bevredig nie, maar werk met oorgawe en blydskap vir Jesus, die ware Baas in jou lewe. Straal Sy liefde en vriendelikheid uit ten spyte van jou werksomstandighede. Onthou: Paulus se werksomstandighede was beroerd - hy was in ‘n vuil tronk!

As gelowige baas het jy ook groot verantwoordelikhede op jou skouers. Jy moet op so ‘n manier baas wees dat dit getuig daarvan dat jy die Here se Baasskap oor jou lewe aanvaar het - dat nie jy nie, maar Jesus die eintlike Baas is. Jy moet ook duidelik besef dat in Jesus almal gelyk is, en dat nie een verhewe bo die ander is nie. Stel intens belang in jou werknemers, nie uit die hoogte nie, maar op hulle eie vlak. Jy mag dalk net verbaas wees dat hulle ‘n totaal nuwe soort respek vir jou openbaar!

**Gebed:**

**Here, my verhoudinge skiet dikwels so ver tekort. Help my asseblief om dit met liefde reg te stel.**

**11 Januarie 2012**

# In God se Weermag

## Efesiërs 6:10-17

Kordaat marsjeer die ou kleintjies op ons kerk se verhogie: “Ek is nie ‘n bliksoldaatjie nie …… Ek is **JESUS** se soldaatjie! Ja Meneer!” skree-sing hulle propvol selfvertroue terwyl hulle salueer met stralende gesiggies. Waar dit hopeloos kortskiet aan skone harmonie en melodieuse klanke, word dit honderdvoudig opgemaak in entoesiasme en selfvertroue. So pragtig, mens kan hulle sommer opvreet! Gevul met eg-kinderlike geloof sing hulle uit volle bors, terwyl hulle in hulle verbeelding regte, egte soldate is - Jesus s’n. Daar is nie ‘n droë oog in die gemeente nie. G’n wonder dat Jesus verwys het na die geloof van die kindertjies nie - dat ons grootmense eers daardie soort geloof moet kry.

Ja, inderdaad is ons as gelowiges soldate in God se weermag. Ek was jare gelede ‘n soldaat in Suid Afrika se weermag, maar ek het nooit gaan veg nie. Dit het toe vir my so sinneloos gelyk, en ek het my soldaatskap maar baie ligtelik opgeneem. En toe die oorlog kom, toe het ek myself daaruit gebid!

Dit is tog so tragies dat ons dieselfde met ons geestelike soldaatskap doen. Dikwels is dit nie noodwendig omdat ons onwillig is nie, maar uit onkunde, of omdat ons bang is dat ons nie goed genoeg daarvoor toegerus is nie. As dit jou probleem is, het Paulus vanoggend wonderlike nuus: hy beskryf die wapenrusting wat God jou gee om vreesloos in Sy leër te kan veg.

Die feit is dat ons in ‘n oorlog gewikkel is - daarby kan ons nie verbykom nie. Hierdie oorlog sal bly woed tot die dag dat Christus weer kom, en die finale veldslag gelewer word. Dit help nie om maar net in die loopgrawe te gaan lê en te hoop dat daar nie ‘n bom op jou kop val nie - ons moet die vyand vierkant in die oë kyk. Hierdie vyand is ook nie maar sommer so ‘n ou kleintjie nie: in 1 Pet. 5:8 word hy beskryf as ‘n brullende leeu wat soek om iemand te verslind. Dit is ook nie teen mense wat ons te staan kom nie, maar onsigbare bose magte. Hulle is die gevalle engele wat onder Satan se beheer ‘n reuse en sterk leër vorm wat daarop uit is om die kerk van Christus (ek en jy) te verslaan. Jesus het egter gesê dat die magte van die doderyk (dis nou Satan se leër) nie die kerk sal oorweldig nie (Mat. 16:18).

Om egter staande te kan bly in hierdie verskriklike oorlog, het ‘n mens krag nodig - krag wat God deur Sy Gees vir ons gee met die wapenrusting wat Hy voorsien. God se wapenrusting is onfeilbaar, anders as die wapenrusting wat die gewone weermag gebruik. Paulus beskryf dit so mooi met beelde uit ‘n soldaat se toerusting waarsonder

hy nie kan veg nie:

Sy heupgordel was vir ‘n soldaat bitter belangrik. Nie alleen het sy swaard daaraan gehang nie, maar dit moes ook sy klere bymekaar hou sodat hy nie daaroor struikel nie. Vandag sou ons sê dat dit ‘n man se broek bo hou - sonder die gordel beland die broek om jou knieë, en dan val jy hard! Die gordel versinnebeeld Paulus met Waarheid. Een van die kragtigste wapens van ons vyand is leuens, wat dikwels baie goed gekamoefleer is om presies soos die waarheid te lyk. Leuens laat ‘n mens struikel, maar met die gordel van waarheid om jou te beskerm, keer dit dat jy val.

‘n Mens se hart is ‘n bitter kwesbare teiken. Deesdae dra die polisie koeëlvaste baadjies om die hart veilig te hou. Geestelik is jou hart nét so kwesbaar, en as hy getref word, dan twyfel jy of jy waarlik God se vryspraak het. As jy egter God se borsharnas van Vryspraak aantree, dan is jou hart veilig.

Het jy al kaalvoet deur die dorings of oor skerp klippertjies probeer loop? Dis eina! Jy loop liewer gladnie! So kan ‘n mens jouself oortuig dat die veld waar die evangelie uitgedra moet word besaai is met dorings, dus is dit te pynlik vir jou om die paadjie te loop. Met ‘n goeie paar skoene is dit egter kinderspeletjies. Moenie van stryk gebring word deur die dorings nie - trek die skoene aan wat God jou gee - die skoene van bereidheid om Sy Woord uit te dra. As Hy dan iemand oor jou pad stuur - getuig van

die evangelie. Jy sal verstom staan oor die kwaliteit van God se skoene!

Swaarkry en teëspoed is soos dodelike pyle wat jou laat twyfel, en dikwels jou rug op God laat draai. Dit is vir sulke pyle wat God jou die skild van geloof gee om jou te beskerm. Gebruik daardie skild! Plaas al jou vertroue op Hom, selfs al gaan dit hoé moeilik. Hy sal alles ten goede laat gebeur.

As ‘n bom op jou kop val, is dit tiekits - jou verstand bokveld toe. As jou verstand vir jou sê dat jou verlossing niks werd is nie, is dit dodelik. Dit is dáárom dat jy die helm van verlossing op jou kop moet dra om jou te beskerm. Glo, nie alleen met jou hart nie, maar ook met jou verstand! Sit jou helm op!

Sonder wapens beteken ‘n soldaat niks. Die Woord is die gelowige se kragtige swaard waarmee hy die vyand kan aanval en neutraliseer. Oefen hard om met hierdie swaard te kan werk - om dit effektief te kan gebruik. Lees en bestudeer die Bybel, en maak dit deel van jou lewe. Dán is jy gewapen.

**Gebed:**

**Dankie vir die wonderlike wapentuig wat U my gegee het, Here - maak my gewillig om U wapens op te neem en in U weermag te veg met selfvertroue.**

**12 Januarie 2012**

# Bid Vir My

## Efesiërs 6:18-24

Hierdie is die laaste dagstukkie in die reeks oor Efesiërs. DV hervat ons weer môre met Matteus waar ons verlede jaar opgehou het. Dit is ook beskikbaar as ‘n E-boek, vir diegene wat dit gemis het, teen slegs R8.00. Kyk by **http://dagstukkie.co.za/boeke**

Gebed is die lewensaar van elke gelowige - ‘n uiters noodsaaklike deel van Christen-wees waarsonder jy nie kan staande bly nie. Gister het ons gesien hoe Paulus die wapenrusting beskryf wat God ‘n gelowige gee om staande te kan bly teen die vyand. Daar was egter een element kort in hierdie wapentuig - Gebed.

Ek het dit al by verskeie geleenthede genoem, dat gebed jou geestelike asemhaling is - jou tweegesprek met God. Hy het vir ons hierdie wonderlike kommunikasiekanaal daargestel wat dag en nag oop is. Geen dief kan daardie telefoonkabels steel nie, en selfs die grootste donderstorm kan nie die “satellietverbinding” verbreek nie. Die nommer is ook nooit, ooit beset nie, en jy praat nooit met ‘n antwoordmasjien aan die ander kant nie.

Ek was in my jong dae ‘n seiner in die weermag - dis nou die ouens wat die radioverbinding tussen verskillende afdelings bewerkstellig. Die radios was maar baie primitief - groot, lomp en nie verskriklik verbruikersvriendelik nie. Nogtans was hulle absoluut noodsaaklik, want daarsonder was daar nie kommunikasie nie. Die situasie wat ons dikwels hanteer het, was in die artillerie om ‘n verbinding te skep tussen die observasiepos (dis nou iemand wat alleen bo op ‘n koppie sit en die vyand dophou), die bevelspos (die wiskundiges wat die trajek van die kanonkoeëls uitwerk), en die kanonne. Wanneer daar ‘n kontaksituasie was, het dit nogal rof gegaan, want jy as seiner is die middelpunt van almal se bevele, en alles moet eenhonderd persent korrek deurgegee word. Soms het dit egter gebeur dat daar drie groepe gelyktydig op dieselfde frekwensie na alle kante toe bevele uitskree, en dan was dit absolute chaos. Om in so ‘n situasie te kan kophou en die regte inligting by die regte plek te kan kry was byna ‘n onmoontlike taak. Ek verstaan beslis nie hoe God kan sin maak van die Babelse verwarring van miljoene mense wat gelyk Sy aandag soek nie. Gelukkig vra Hy nie van my om te verstaan nie, maar net om te glo.

Wanneer Paulus ‘n oproep tot gebed doen, dan vra hy nie dat jy vir jouself bid nie - dit is in elk geval iets wat baie maklik en natuurlik kom. Nee, hy vra dat ons gedurig vir ander gelowiges bid. Ek dink byvoorbeeld aan van ons gemeentelede wat gereeld na Egipte gaan vir gebedsuitreike. Dit gebeur onder uiters moeilike en gevaarlike

omstandighede. Sulke groepe het beslis baie gebed nodig van ander gelowiges om hulle te dra deur hulle uitreike. Deur vir mekaar te bid, vra ons nie alleen die Vader om ons medegelowiges te onderskraag nie, maar dit bring ook ons as gelowiges nader aan mekaar. Dit bind ons met ‘n hegte band, want nou word die ander se probleme ook deel van jou eie - jy voel nou wat hy voel. Hy is nou nie meer iemand wat daar ver staan nie, maar hy is intiem deel van jou.

Daar is ook ‘n ander aspek van voorbidding wat die klem effens verskuif. Hy vra dat die gelowiges vir hom as prediker bid, sodat God vir hom die regte woorde sal gee om die evangelie suiwer en met vrymoedigheid uit te dra. Geen prediker kan sonder voorbidding oorleef nie - selfs nie eers die groot sendeling Paulus nie. Hoeveel te meer nog die “gewone” predikante, pastore, evangeliste, lekepredikers ens. wat die taak het om die Here se Woord te verkondig. Elkeen van hulle is bitter afhanklik, nie alleen van hulle eie gebedslewe met God nie, maar van ander gelowiges om hulle te dra deur hulle bediening.

My versoek aan jou vanoggend is dan ook dat jy gedurig vir my sal bid vir hierdie reuse taak wat op my skouers lê. Wat dit vir my soveel moeiliker maak, is die feit dat ek nie ‘n predikant is nie, en geen formele teologiese opleiding het nie. Nogtans het God vir my die deure oopgemaak om Sy wonderlike Woord deur middel van die dagstukkies gereeld aan meer as tienduisend mense uit te dra. Dit is ‘n skrikwekkende

verantwoordelikheid, want ek durf nie ‘n dwaalleer verkondig nie. O, ek wéét dat daar baie gelowiges is wat reeds vir my bid, want die Here lê elke oggend die woorde vir die dagstukkie in my mond! Ek staan dikwels verstom oor dít wat ek geskryf het, want dit is ver bokant my eie vermoëns. Dankie vir jou gebed! As jy dit dalk nog nie doen nie, bid asseblief vir my!

Ons het aan die einde gekom van ‘n inspirerende brief van Paulus - ek hoop jy het dit so geniet soos wat ek dit geniet het. Vir myself was dit ‘n wonderlike belewenis. Ek wil afsluit met die seëngroet van Paulus in die Efesiër-brief: Vrede vir jou, liewe leser, en liefde en geloof van God die Vader en die Here Jesus Christus! Die genade sal by jou wees - jy wat ons Here Jesus Christus met onverganklike liefde liefhet.

**Gebed:**

**Here, dankie vir die wonderlike inspirasie wat ons kon put uit hierdie brief van Paulus. Ek wil vanoggend elkeen wat die Woord van God uitdra op die een of ander wyse, opdra in gebed. Ek wil bid, Here, dat u Woord suiwer verkondig sal word. Ek wil ook die leser van hierdie dagstukkie in besonder aan U opdra. Seën hom/haar vandag mildelik.**